# Kahles – oudste, maar ai tog, so modern!

**Deur André van Dyk**

## Geskiedenis

Kahles kan met reg beskou word as die oudste optiese vervaardiger wat geweer teleskope betref. Hul eerste werkbare teleskoop het in 1898 die lig gesien.

Alhoewel daar voor 1898 reeds ontwikkeling was om 'n optiese visier te bou, wat dit vir jagters en skuts makliker sou maak om korrel te vat, het meeste van hierdie pogings nie veel opgelewer nie. Eksperimente met optiese visier stelsels het reeds in die 17de eeu begin. Die eerste werkbare optiese visier stelsel is gedurende 1880 deur Fiedler Stronsdorf ontwerp en gebou. Hierna het die eerste Kahles teleskoop die lig gesien met die naam "Telorar". Dit was onmiddellike 'n uiters gewilde optiese visier. Die Kahles fabriek kon nie voorbly om dit uit te rol nie.

Beide Wêreld Oorloë het 'n geweldige impak op die produksie van teleskope vir jagters en sportskuts gehad deurdat die fabriek geforseer was om optiese toerusting vir die Weermag te vervaardig. Gedurende 'n bom aanval deur die Geallieerde Magte in 1945, is die Kahles fabriek totaal verwoes en die eienaar Karl Kahles het met sy lewe geboet.




Die Kahles Helia 2-10x50i op my pasmaak 30-06 gemonteer

Met die verloop van meer as 120 jaar is die volgende noemenswaardige mylpale deur die Kahles maatskappy bereik. Ons noem dit net kortliks:

- 1904 - Eerste ballistiese teleskoop word vervaardig wat verstel kan word vir die val van die koeël.
- 1960 – Eerste waterdigte teleskoop word bekendgestel wat met 'O-rings' verseël word. Trouens die 'O-ring' stelsel is ook 'n Kahles ontwerp.
- 1972 – Eerste 'multi-coated' teleskope word vervaardig met leidende eienskappe vir die hele optiese industrie wat helderheid, resolusie en veld wyde betref.
- 1974 – Kahles word aan die bekende optiese vervaardiger Swarovski verkoop omdat daar geen familie erfgename meer was nie. Na die dood van Friedreich Kahles in 1977 het die maatskappy as 'n vertakking van Swarovski voortbestaan. Gedurende 1989 het die Kahles fabriek 'n volwaardige maatskappy van die Swarovski-groep van besighede geword en opereer dit tot vandag toe as sulks.
- Ander tegnologiese prestasies soos digitale verligting van kruishare en ballistiese versteltorings met verskillende mikpunte het gevolg.


Elke generasie van die Kahles familie het hul besonderse bydrae gelewer om as een van die wêreld se beste optiese vervaardigers gereken te word.

Ek het die Kahles fabriek gedurende 2005 besoek. Ek kon dadelik waarneem dat as mens van Kahles praat, praat jy van kwaliteit in alle opsigte. Al hul produkte word ontwerp en vervaardig met net een doel voor oë – om die kliënt te voorsien van optiese toerusting waarop hy kan staatmaak vir duursaamheid, kristalhelder beeld, akkuraatheid, goeie werkverrigting en uitstekende na-verkope diens.

Alhoewel die Kahles fabriek baie kleiner is as hul eweknie Swarovski, wat in Innsbruck gevestig is, hoef hulle nie een duim terug te staan met hul kwaliteit nie. Elke produk wat die fabriek verlaat word aan talle streng toetse onderwerp voordat die groenlig gegee word. Die fabriek beskik oor die beste optiese ingenieurs wat beskikbaar is en al hul onderdele word deur Kahles self op moderne masjinerie vervaardig. Dit is een aspek waarop hulle kwaai hamer, dat hulle als self vervaardig in plaas daarvan om sekere onderdele in ander lande, waar die arbeid goedkoper is, te laat vervaardig. Dit was oor al die jare so en sal sekerlik in die toekoms ook so bly. Daardeur verseker Kahles nie net kwaliteit nie maar ook die volhoubaarheid van dieselfde kwaliteit ten alle tye.



**Karl Robert Kahles**







**In die Kahles fabriek se vertoonlokaal is daar verskeie voorbeelde van hul eerste produkte.**











**Die Mannlciher Luxus met die Kahles Helia 6x57mm teleskoop wat 27 jaar in die alpe gestaan het.**



**Chamois in sy natuurlike habitat - hoog bo seespieël in die berge. Dit maak voorsiening vir 'n hoogs uitdagende jag.**

Tydens my besoek aan Kahles het ek ook die teleskoop en geweer, wat vir 27 jaar in die sneeu, son en reën van Oostenryk gelaat is, gesien. Dit is 'n besonderse verhaal en sekerlik een van die strengste toetse wat enige optiese produk kan ondergaan.

In 1977 het 'n jagter die bergpiek "Kometeralpe", wat 2500 meter bo seespieël reik, uitgeklim met sy Mannlicher Luxus 6.5x57mm jaggeweer met 'n Kahles Helia 6x42mm teleskoop. Naby die kruin van die berg het hy 'n Chamois, wat heelwat laer as hy was, geskiet. Hy het sy toerusting op die skietplek gelos en afgeklim om die Chamois reg te bewerk sodat hy die vleis onder toe kon dra. Hy het terug geklim na bo om sy toerusting te kry. Hy kon dit nie vind nie en omdat dit laat geword het, het hy dit daar gelos met die doel dat hy die volgende dag sal terugkom om dit te herwin. Die jagter is die volgende dag terug maar kon ook nie die plek met die toerusting opspoor nie. Die volgende dag het hy dieselfde gedoen en daarna op gereelde basis weekliks terug gegaan om dit te soek, maar sonder sukses. Hy het later besef sy geweer en teleskoop is verlore en dat dit nooit weer gevind sal word nie.

Amper 27 jaar later op 4 Augustus 2004 het 'n jong jagter, wat net bekend is as Hannes van Obervellach, 'n klein dorpie aan die voet van "Kometeralpe", na Chamois gaan soek om te jag. Dit is met sy 'berg bekruip' dat hy 'n erg verbleikte geweer en teleskoop teen die rotse sien staan het. Hy het besef dat dit op 'n stadium sekerlik die jagtoerusting van 'n trotse jagter was. Met nadere ondersoek het hy besef dat die toerusting jare daar moes gewees het want al die metaaldele van die geweer was geroes en feitlik onbruikbaar. Toe hy egter deur die teleskoop kyk kon hy nog die kruishaar duidelik sien en die optiese stelsel het nog perfek gewerk. Daar was wel ook roesmerke op die teleskoop maar die versteltorings was nog in werkende toestand.

Hierdie teleskoop en geweer het hul pad na die Kahles fabriek gevind. Dit is vir my byna ongelooflik dat enige produk wat vir 27 jaar in die uiterste weersomstandighede kan staan nog perfek werk. Ek was werklik bevoorreg om hierdie top-klas produk in my hande te kon vashou en dit te bewonder. Dit is sekerlik een van die beste getuigskrifte wat enige optiese vervaardiger kan bekom. Dink net daaraan dat as Kahles sulke duursame produkte in 1977 gebou het, hoe lyk dit vandag met die moderne tegnologie wat gebruik word? Hoe sê die Engelsman "Absolutely awesome".

## Kahles Helia 2-10x50i

WILDLAND kry die Kahles 2-10X50i vanaf Whylo van Durban wat pas aangestel is as die nuwe invoerder van Kahles produkte na Suid-Afrika. Ek moet byvoeg dat dinge nou gaan gebeur vir Kahles. Ons weet almal hoe Andrew Whysall, Swarovski en Vortex hier by ons laat vlam vat het.

Ek werk eers deur die inligtingsbrosjure want dit is jare laas dat ek 'n Kahles vasgehou het. Op papier beïndruk die hele HELIA reeks van Kahles mens. Hulle plaas die fokus op 'n paar uiters belangrike aspekte naamlik: Werkverrigting, betroubaarheid, hantering en estetiese voorkoms.
Dit maak die 2-10X50i die perfekte jag teleskoop wat onder verskillende jagomstandighede gebruik kan word.

Hierdie produk se uitstaande kenmerke vir my is die volgende:

- Lig en kompak vir elke dag se dra en gebruik.
- Perfekte keuse as 'veelsydige teleskoop' vir meeste jagomstandighede met hoë kontras en resolusie en goeie veld wyde.
- Uitstekende optiese stelsel met 'n skerp beeld op die kante onder skerp sonskyn sowel as lae-ligtoestande.
- Dit beskik ook oor 'n verligte kruishaar wat op verskillende sterktes gestel kan word. Verder is dit 'n 'intelligente' kruishaar wat outomaties aan-en-af skakel as die teleskoop in 'n min-of-meer horisontale posisie is. Dit help baie om battery krag te spaar deurdat dit slegs aanskakel as jy gereed is om te skiet.

Ons monteer die Kahles 2-10X50i op my ou pasmaak 30-06. Hy kan gerus bietjie voel wat is goeie optiese kwaliteit op sy rug. Ek het hierdie geweer jare gelede laat bou toe ek 'n loop en Mauser K98 aksie by Vektor gekoop het. Oor die jare het hierdie geweer sy besonderse akkuraatheid vir 'n 30-06 bewys. Ek is oortuig die Kahles gaan dit nog 'n hupstoot gee. Daar is nou nog net een ding wat tussen ons en die toets van die Kahles staan - die pad Thabazimbi toe.

Rooibokkraal Safaris wat aan Renier en Nadine Els behoort, is op die plek waar die Marico- en Krokodilrivier saamvloei om die Limpopo te vorm. Aan die oorkant van die Limpopo is Botswana wat natuurlik bekend is vir sy baie wild. Ons het al verskeie kere op hierdie plaas produkte getoets en gejag. Renier is altyd hulpvaardig en vriendelik. Hy sorg dat ons elke keer doen wat ons wil doen en jag wat ons wil jag.

Die jagkamp bestaan uit 'n ou huis wat mooi opgeknap is. Dit bied ruim en gerieflike verblyf aan die jagters. Met die groot kameeldoring bome om die kamp en ingeboude dakwaaiers kan mens tot diep in die somer hier jag. Renier het 'n uitstekende span wat optree as spoorsnyers, slagters, trofee-slagters en algemene kamphulp.

Op die skietbaan, wat net langs die huis is, bekyk ek die Kahles mooi. Dit is 'n kompakte teleskoop met klein versteltorings – soos wat dit hoort op 'n jag teleskoop. Groot en dik versteltorings is nou wel gerieflik en makliker om te stel, maar wat jag-teleskope betref moet dit liewer kleiner wees om te verhoed dat dit teen struike en takke sal vashaak as mens bekruipwerk doen. Ek draai ook die doppies van die versteltorings af en speel met die verstellings. Beide die hoogte- en windverstellings kliek hoorbaar onder my duim en voorvinger as dit gedraai word.

Dit is toe ek deur die Kahles 2-10X50i kyk dat ek sien wat hulle bedoel met 'perfect optical quality'. Dit is werklik onbeskryflik mooi. Al die lente blomme en groen blare het ryker kleure en is uiters duidelik. Ek sien hoe die miere kos aandra op 'n afstand van ongeveer 20 meter, ek kan hulle een-vir-een tel. Die wildkamp is 100 meter weg van die jagkamp af. Die groot swartwitpensbul wat teen die draad loop se swart-en-wit weerkaatsing is duidelik in die laat-middag son. Selfs die riwwe op sy horings is duidelik sigbaar. Dit is toe dat Andre Jnr my uit my 'wonder-droom-wêreld' ruk! "Pa dit is al laat, ons moet nou begin skiet". Nou ja wat kan ek nou sê?

Ons stel eers die Kahles mooi in dat hy en my ou staatmaker mooi met mekaar praat op 100 meter. Daarna stamp ons die kolf van die 30-06 hard op die grond en skiet weer. Ek weet dit is onnodig maar ek weet ook dat stampe-en-stote wat 'n teleskoop in Europa moet verduur nie altyd so hard is soos hier by ons nie. Ons skiet weer en die impakpunt bly op dieselfde plek.









**Rooibokkraal Safaris is die ideale uitspanplek vir plaaslike jagters. Hier kan mens op die walle van die Limpopo vleisbraai en visvang wanneer jy klaar gejag het.**




**Kahles maak gebruik van klein versteltorings waarvan die deksels eers afgedraai moet word voordat jy verstellings kan maak. Ons verkies hierdie tipe van versteltorings op jagteleskope.**

Ons doen ook ‘n teleskoop-verstel-toets deur ‘n skoot te skiet, dan drie klieks af en regs te stel en weer te skiet. Hierdie proses word drie keer gedoen. Die impakpunt kruip geleidelik af en regs. Toe stel ons 9 klieks op en 9 links en skiet weer. Die eerste en laaste skoot is ongeveer 10 mm uitmekaar.

Dit is skemer en te laat om nog na ‘n blouwildebees te gaan soek. Ons los die jag toe vir die volgende dag.

## In die jagveld

Vroegoggend is ons uit die vere en Renier kom tel ons op. Na koffie en beskuit is ons in die jagkamp. Ons kry verskeie troppe waterbokke, koedoes en rooibokke. Nou kan ek werklik sien hoekom hierdie plek se naam Rooibokkraal is, want daar is oral rooibokke. Alhoewel dit reeds die einde van die jagseisoen is, is daar nog volop bokke. Hulle is dalk bietjie wakkerder as gewoonlik, maar ek is oortuig daarvan dat ons ‘n rooibok en ‘n blouwildebees sal kry.

Ek sit links voor want met twee van my seuns by het pa maar ‘n baie skrale kans om te skiet – ‘Pa het mos al genoeg gejag in sy lewe, gee ons ook ‘n kans” is die woorde wat ek elke keer hoor. In die stilligheid stem ek egter saam. Ek jag nog, maar nie so gereeld nie. Dit is tyd om oor te gee aan die nageslag sodat hulle die jagvaandel verder kan dra.











Dit stel een centimeter op 100 meter en die klieks is duidelik waarneembaar en hoorbaar.



Die Kahles het ‘n verligte kruishaar waarvan die intensiteit verstel kan word.



Die ‘teleskoop-verstel-toets’ bewys dat die Kahles presies verstel soos wat die vervaardigers aandui. Kyk hoe naby is die eerste skoot en laaste skoot aanmekaar.

Ons is opsoek na 'n blouwildebees. Ons kry 'n paar keer wildebeeste maar meeste het kalwers en die bulle hou hul lywe skaars. Ons bekruip op een stadium 'n blouwildebees maar hy gewaar ons en verdwyn so al stertswaaiend in die bos. Dit is maar 'n geneuk om te jag en video ook te maak. Daar is doodeenvoudig te veel mense wat deur die wild gesien kan word.

Laatmiddag sien ons 'n wildebees wat in 'n kaplyn staan. Renier ry verby en ons bekruip vir 300 meter terug na die plek waar ons hom gesien het. Dit is reeds baie laat, te laat na my mening om na 'n wildebees te skiet. Renier bekyk die wildebees deur sy verkyker en sê Danie moet skiet, dit is 'n koei. Sy staan ongeveer 120 meter weg skuins na ons toe. Ek kan die wildebees sien maar kan nie uitmaak of dit 'n bul of koei is nie. Dit is reeds te donker vir my oë want die son wil-wil aan die horison raak. Danie skakel die verligte kruishaar aan en plaas sy geweer oor die skietstokke. Renier sê hy moet haar op die plek waar die nek en die lyf bymekaar kom skiet. Hy vat korrel en toe die skoot klap spring sy op en ons hoor almal die doef geluid. Sy gaan staan drie meter verder en dop om. Ek is verlig, en ek dink Danie nog meer want hy weet wat dit is om agter 'n blouwildebees aan te loop.

Later vra ek Danie uit oor die skoot en sy reaksie was as volg "Pa jy weet ek het al 'n paar wildebeeste geskiet, maar ek was nogal bietjie bekommer oor hierdie een omdat dit so laat was. Maar toe ek deur die Kahles kyk was dit amper soos helder daglig. Ek kon sy kenmerkende strepe op die lyf duidelik sien. Ek was dadelik meer op my gemak want ek het geweet as ek net die skoot op die regte plek plant sal sy dood wees. Die verligte kruishaar het verskriklik baie gehelp want dit was bitter moeilik om die swartkruishaar teen die donker wildebees te sien. Die rooikolletjie het sy werk gedoen en toe ek die sneller trek het ek geweet 'ou-antie' jy is grond toe".





**Danie by die blouwildebeeskoei wat hy net voor sononder geskiet het. Die foto regs bo is letterlik sekondes nadat hy geskiet het, geneem.**




**Die Kahels Helia se fokusring sowel as die zoomring kan maklik vasgevat word.**

## Slot

Danie speel kok vir die aand. Hy is ook hoofskinker en skottelgoedwasser want hy is die enigste een wat vandag geskiet het. Elke keer as ek my glas uithou vloei die Whiskey sommer vanself in. Dit is ook reg so want om met sy pa se hartgeweer en so 'n ongelooflike helder Kahles teleskoop te skiet gebeur nie aldag nie. Hy kan maar bietjie sy kant bring.

Op my ouderdom raak ek oor min dinge liries maar hierdie Kahles 2-10X50i teleskoop het my werklik beïndruk. Ek dink enige jagter wat so 'n teleskoop aanskaf sal in sy lewe nooit daaroor spyt wees nie.

Intussen staan my 30-06 met die Kahles teleskoop in die kluis en ek soek nog 'n jaggeleentheid om hom te gebruik. Ek moet ook darem self jag om te bevestig wat Danie gesê het. Andrew van Whylo sal maar bietjie moet wag – miskien tot volgende jaar - of dalk langer!

Kahles produkte is by meeste vuurwapenhandelaars beskikbaar. Indien jou handelaar dit nie het nie kontak asseblief vir Whylo om te verneem waar jy een kan kry. Onthou Whylo is die invoerders. Hulle kan nie aan die publiek verkoop nie.

Om 'n ongelooflike jagervaring op Rooibokkraal te beleef skakel vir Renier Els op 083 625 9119.

Kliek op die meegaande logos om na 'n kort video oor die Kahles te kyk. **WL**

***Tegniese data soos verskaf deur Kahles:***

| | |
|---|---|
| Magnification: | 2 - 10 |
| Objective lens diameter: | 50 mm |
| Eye relief: | 95 mm |
| Field of view: | 21.0 - 4.1 m/100 m |
| Diopter compensation: | +2 / -3.5 dpt |
| Twilight factor (DIN 58388): | 6,2 - 22,4 |
| Impact correction per click: | 0.36 inch (100 yds) /10mm (100 meters) |
| Ballistic Drop Compensation | (optional) |
| Adjustment range: (E/W): | 1.6 / 1.6 m |
| Tube diameter: | 30 mm |
| Length: | 341 mm |
| Weight: | 585 g |
| Focal plane: | 2 |
| Illuminated: | Yes |
| Warranty: | 10 years |
| 4 - Dot | |

KAHLES




As jou jaggeweer so 'n Kahles op sy rug het, kan jy uiters teverde voel.



KAHLES




NOTICEABLE PERFECTION

The HELIA line places uncompromising focus on the essentials, honouring our straight and honest quality promise: Noticeable perfection!

WHYLO DISTRIBUTORS

1 Tetford Circle, La Lucia Ridge, Durban 4051, South Africa.
Telephone +27 (0)31 584 8088, www.whylo.co.za

kahles.at